Die TBK se Nuusbrief

NO 2/2012

Die Tradisionele Boeremusiekklub van Suid-Afrika
Posbus 48865, HERCULES, 0030

Ek hoop almal geniet hierdie tweede nuusbrief van 2012.
Lede moet asseblief bydraes lewer vir die volgende nuusbrief. Stuur nuus en inligting aan: pdjager@mweb.co.za in "Word" formaat of per pos of faks asseblief na
Serissalaan 33 Roodekrans, Roodepoort, 1724. Faks: 086 548 6704
Dankie aan almal wat bydraes vir hierdie nuusbrief gelewer het.

TBK Webblad: http://www.boeremusiek.org.za
TBK E-posadres: info@boeremusiek.org

*As u sou belangstel om **Musiek van die boere** te kry soos deur die TBK versprei, dan is Sias Erasmus die man om te kontak … Tel 012 379 1745, 083 948 2987, Bezuidenhoutstraat 467, Claremont, 0082. E-pos dualcon@vodamail.co.za Bankbesonderhede – TBK, ABSA Ben Swartstraat, Rekeningnommer 090281062.*

LEDEGELD EN INLIGTING KOMPETISIE

Die terugvoering wat ontvang is van die persoonlike inligtingstrokie was baie positief en almal word bedank wat op die versoek gereageer het. U kan steeds die inligtingstrokie gee aan enige bestuurslid, hul telefonies in kennis stel, faks of e-pos of pos om in aanmerking te kom vir die gelukkige trekking van drie laserskywe. Die trekking vind plaas op 6 Oktober 2012 tydens die Algemene Jaarvergadering van die TBK te Hoërskool F.H. Odendaal in Eastlynne, Pretoria.

Indien u u lidmaatskapfooi wil betaal, kan dit gedoen word tydens enige byeenkoms, deur middel van die internet of 'n direkte deposito in ons bankrekening. Lidmaatskapfooi beloop R75,00 per jaar. Bewyse van betalings wat deur die internet of direkte deposito geskied, moet gestuur word aan martindorfling.boeremusiek@gmail.com, of Posbus 59691, Kengray, 2100. Skryf asseblief u lid- of identiteitsnommer, woon- of posadres op die bewys van betaling.

Die bankbesonderhede is soos volg:
Tradisionele Boeremusiekklub van S.A. Absa. Tjekrekening No. 090281062.

As jy iemand se karakter wil toets, gee hom mag.
- Warren Wiersbee -

Daar is ook ‘n goeie debietorder stelsel met verskeie opsies beskikbaar:

R16,00 per maand – lidmaatskap, korrespondensie en 1 laserskyf per jaar.
R22,00 per maand – lidmaatskap, korrespondensie en 2 laserskywe per jaar.
R30,00 per maand – lidmaatskap, korrespondensie en 3 laserskywe per jaar.
R35,00 per maand – lidmaatskap, korrespondensie en 4 laserskywe per jaar.

Indien daar enige lede is wat navrae het aangaande die skrywe, kan hul vry voel om Martin Dorfling te kontak by 082 542 1908 of per e-pos martindorfling.boeremusiek@gmail.com.

Hier volg die datums van byeenkomste, asook die jaarvergaderings, in donker gedruk, asook kontakpersone en hul telefoonnommers vir 2013.

TBK Byeenkomste vir 2013						
Wesrand	**Pretoria**	**Oosrand**	**Vaal-Driehoek**	**Welkom**	**Bloem-fontein**	**Weskaap**
2 Feb	**23 Feb**	**9 Mrt**				
6 Apr	18 Mei	25 Mei				
1 Junie	24 Aug	28 Sep				
7 Sep	**5 Okt**	2 Nov				
30 Nov	23 Nov					
Flip Snyman	Hennie Bezuiden-hout	Martin Dorfling	Willie Badenhorst	André Burger	Jimmy McDonald	Daantjie Kotze
011 955 3615	012 377 1072	011 615 2082	016 932 1897	057 398 1022	051 522 4062	082 809 6769
082 624 5308	082 414 4014	082 542 1908	076 389 7079	072 554 6772	084 814 0895	

Betaal jou vyand met liefde terug en jy ontneem hom al die vreugde van sy gemeenheid.
- Leo Tolstoi (1828 - 1910) -

Kennisgewing geskied hiermee van die AJV van die TBK om 15:00 (3nm) op 6 Oktober 2012 in die Skoolsaal van die Hoërskool F.H. Odendaal, Baviaanspoortweg, Eastlynne, Pretoria. Baie dankie vir u samewerking.

U WORD OOK DAARAAN HERINNER … om ‘n stem uit te bring

ALGEMENE JAARVERGADERING (AJV) VAN DIE TBK VAN SA

a) Opening en Verwelkoming
b) Notules van die vorige AJV
c) Finansiële verslag
d) Jaarverslae deur die Takvoorsitters
e) Jaarverslag van die Voorsitter van die TBK
f) Verkiesing van die Voorsitter en hoofkomiteelede
g) Algemeen
h) Afsluiting

NOTULES VAN DIE AJV VAN DIE TBK GEHOU OP 1 OKTOBER 2011 TE PRETORIA

1) **Opening en verwelkoming:** Die voorsitter, F. Snyman, open die vergadering om 18:00. Skriflesing en gebed deur J. Vlok.
2) **Presensie:** Lede aanwesig vorm ‘n kworum.
3) **Vorige notule:** Die notule het in die nuusbrief verskyn maar word tog voorgelees deur die sekretaris.
4) **Finansies:** Verslag word gelewer deur penningmeester Jasper Vlok. State word eenparig goedgekeur. Mosie word gelewer dat van gewone rekenmeesters gebruik gemaak moet word.
5) **Takverslae:** Vaaldriehoek – W. Badenhorst, Oosrand – M. Dorfling, Pretoria – C. Ellis namens W. Smit, Wesrand – L. Pretorius namens F. Snyman, Bloemfontein – J. McDonald en Goudveld – steeds dormant.
6) **Voorsittersverslag:** Word gelewer deur F. Snyman.
7) **Verkiesing van voorsitter:** F. Snyman word eenparig herkies.
8) **Verkiesing van komitee:** Ondervoorsitter – M. Dorfling, Penningmeester – J. Vlok, Sekretaris – S. van Zyl, addisionele lede – S. Erasmus, T. Adams, A. Dorfling en H. Bezuidenhout.
9) **Oorhandiging van oorkondes en Hannes Schoeman wisseltrofee.**
10) **Afsluiting:** Voorsitter sluit vergadering af om 19:00

Dit is nie altyd die kind wat getugtig moet word nie. In 9 uit 10 gevalle is dit die ouers.
- Uit: Christliches Zitatenlexikon, saamgestel deur Josef Kral -

SKRYWE ONTVANG VANAF TAKKE

OOSRAND-TAK

Dagsê aan al ons Boeremusiek vriende

So kom ons naby die einde van nog ‘n jaar. Ek is seker teen hierdie tyd bevind u ook dat alles so gejaagd is. Ons het van ons vriende aan die dood afgestaan hierdie jaar. Ons sal altyd die eggenote van Chris Smit en Jan Mans, asook die afsterwe van oom Plato Michael onthou. Hul glimlagte is onvergeetbaar.
Hier by die Oos-Rand is groot dinge aan die gebeur. Ons vorder fluks met die aankoop van ons klanksisteem. Ons koop maar stuk-stuk en het nog net komplimente gekry oor ons uistaande klank gehalte. Dit is als te danke aan ons ondersteuners. Sonder u is ons arms afgekap. Dit is u wat ons toelaat om ons doel, die bevordering van Tradisionele Boeremusiek, te verwesenlik.
Ek wil ook my bestuur bedank vir hul uitsonderlike hulp. Indien daar enige voorstelle is kan u dit gerus by enige een van ons indien.
Ek wil graag van die geleentheid gebruik maar om u almal ‘n voorspoedige nuwejaar en ‘n Geseënde Kersfees toe te wens.

Groete
Martin Dorfling

PRETORIA-TAK

Dagsê al ons Boeremusiek vriende

Ons beweeg alweer op die afdraand pad van 2012. Wat die Boeremusiek aan betref was dit feeste der feeste.
Ek wil hiermee my komitee met hul gades hartlik bedank vir die ondersteuning en harde werk om sodoende elke funksie suksesvol te maak.

Bekommernis is soos 'n skommelstoel. Dit gee jou iets om te doen, maar dit bring jou nêrens.
- CE Cowman -

Baie dankie aan ons musikante wat ons op voortreflike wyse vermaak het. Sonder julle sou ons nie die hoogtes bereik het nie. Ek wil hiermee ons lede asook nie-lede wat ons funksies getrou bywoon, bedank vir die passie waarmee u dit doen, u is die krag wat ons deurtrek en ons inspireer om nog beter te kan doen. Ons funksies is baie goed bygewoon. Ons Mei maand funksie het natuurlik uit sy nate gebars, baie dankie vir die pragtige opkoms.

Ons seënbede aan alle families wat geliefdes verloor het, onder andere Richard van Schalkwyk wat musiek bevorder het met sy bydraes en geesdrif. Mag die genade van ons Hemelse Vader u almal versterk. Aan ons lede en families wat ongesteld is, word sterkte toegebid asook ‘n spoedige herstel.

Ina Muller, ons sekretaresse, se seun was baie siek asook ander familie. Sy self het geval en haar sodanig beseer dat sy drie spiere geskeur het, wat ‘n operasie genoodsaak het. Sy sterk tans aan. Jan Odendaal het ‘n pasaangeëer gekry asook ‘n stent en asof dit nie gnoeg was nie, ook velkanker wat ernstig was, op die voorkop moes laat verwyder. Hy sterk ook tans aan. Amanda Blom het ‘n jaar of twee gelede ‘n ernstige ongeluk gehad waarby sy haar sig verloor het. Sy het nou ‘n gidshond gekry by name Sofie en albei pas goed bymekaar aan. Charles Ellis was ook in die hospital en moes ‘n noodoperasie ondergaan as gevolg van ‘n maagsweer wat gebars het. Charles sterk mooi aan.
Ons wens almal beterskap toe asook medelye met die heengaan van geliefdes.

Boeremusiekgroete uit die Jakarandastad
Hennie Bezuidenhout

VAALDRIEHOEK-TAK

Die Hasie funksie se tyd het aangbreek. Nadat ek op die datum 7 April besluit het, het ek nie geweet dit is Paasnaweek nie. So stel ek dit uit met ‘n week na 14 April toe.
Mens kan nooit die Lydingstyd van Jesus vergeet nie. Al is ons vrolik en opgewek gedurende die funksie, kan mens dit nie verby kyk nie. Sal die wit klippies en die sjokoladehasies mens maar herinner aan dié tyd.

Ja daar moet versierings aangebring word op die tafels. Wat sal mens maak as die vorige funksie baie klein was, en die inkomste klein was? Wel ek gaan loop in die veld en kyk wat kan ons gebruik. Ai, die herfs is hier. Lang grasse, pluime wat in die wind waai en ronde spoelklippies wat aandag trek. Ja, ja, dit sal dit wees.
O gaats, wie gaan die musikante wees? So bly is ek dat die vergadering by ons funksie gehou is. Ja nou net die name invul en dis baie opgewondenheid om Welkom se muskante ook by ons te verwelkom. Sonder die hulp van die Hoofbestuur, kan die funksie ook nie. Ja almal is hier! Wat 'n voorreg. Baie dankie aan die Vaaldriehoek komitee vir al jul harde werk om die aand 'n suksesvolle tyd te maak.

Sonder mense wat hard werk kan mens glad nie 'n goeie aand aanbied nie. Dit is so aangenaam om iets aan te bied wat alle mense wat dit bywoon, gelukkig en tevrede laat voel.

WESRAND-TAK

Met die Wesrand tak van die TBK gaan dit nog baie goed.
Sedert die begin van die jaar het die tak drie suksesvolle byeenkomste aangebied.

Op die 31ste Maart het ons die Wesrand se negentiende verjaarsdag gevier wat 'n groot sukses was en die bywoning by alle byeenkomste was goed. Die Wesrand-Tak vier dus 2013 hul twintigste bestaansjaar. Ons gaan GROOT makietie hou en daar gaan verskeie artikels te koop aangebied word.

Die musikante wat gereeld hier opgetree het, se musiek was van baie hoë gehalte. Baie dankie aan hulle asook aan al ons vriende en ondersteuners.
Baie dankie aan die bestuur van die Wesrand, sonder julle sal dit nie suksesvol gewees het nie.

Draai jou gesig altyd na die son dan sal jy nooit die skadu's sien nie.
- Helen Keller -

Dan was daar ook die minder goeie nuus, van ons lede en vriende wat aan die dood afgestaan is. Daar was ook die persone wat baie ernstig siek was en sommige wat nogsteeds is, maar ons vra gereeld dat ons Hemelse Vader die nodige onverdiende genade en genesing sal voorsien aan almal wat dit nodig het.

Dit is ook die tweede nuusbrief wat Natasja de Jager behartig en ek dink sy vaar uitstekend. Natasja is die dogter van Erelid Piet en Eldrene de Jager. Sedert die stigting van die tak in 1993, was sy as klein dogtertjie by elke byeenkoms en het saam met die Wesrand-tak grootgeword. Wie sal haar gesiggie by die ingang van die sale vergeet waar sy op ‘n tyd selfs ‘n klein snoepie bedryf het. Vandag is sy ‘n volwasse gegradueerde jong dame en is nou nog meer ywerig om by te dra tot die TBK.
Baie dankie Natasja vir jou bydrae.

WESKAAP-TAK

Die TBK Wes-Kaap tak is amptelik gestig op 31 Maart 2012 en was ‘n reuse sukses. Die voorsitter is Daantjie Kotze, ondervoorsitter Freek Serfontein, sekretaris Rejean Viljoen, penningmeester Wynand Smit en addisionele lid, Jasper Vlok. Die volgende funksie is 8 September by Belville-Noord Laerskool. Verdere datums sal deurgegee word.
Hulle het ook hul eie orkes gestig by name Die Kaapland Boereorkes onder leiding van Daantjie Kotzé. Die ander orkeslede is Rejean Viljoen, Wynand Smit, Rolenda Heystek en Marietjie Willemse.
Kontak asseblief Wynand Smit sel. no.084 761 1515, Daantjie Kotze sel. no. 082 809 6769 of vir Rejean Viljoen sel. no. 083 419 4579.

KAAPLAND
BOEREORKES

I n M e m o r i a m

Dit is met leedwese en hartseer dat ons van ons lede en vriende moes afstaan aan die dood. Innige simpatie aan die naasbestaandes.

Willem van Reenen se vrou.

Mev. H.M. Henning van Roodeslaan 52A, Vereeniging.

Kobus Swanepoel, vriend van Sonia Swanepoel van Vanderbijlpark.

Hendrik Reintsbok (24 November 1936 – 25 April 2012) U sal onthou in die vorige nuusbrief is daar verwys na oom Hendrik en hoe hy Flip Snyman gehelp het met die bou van sy banjo. Net na die vorige nuusbrief uitgestuur is, is oom Hendrik na ‘n ernstige besering oorlede en is in Coligny begrawe. Oom Hendrik sal voorwaar gemis word by die Wesrand byeenkomste.

Johan Schoeman, bekende kitaarspeler van Hannes Schoeman, se vrou, **Elsabe** is 16 Mei 2012 oorlede. Dit was vir Johan ‘n baie groot skok. Hy het baie getreur oor die heengaan van sy vrou. Daarna het hy verskeie hartaanvalle gehad en is ook op 13 Julie 2012 oorlede.



Richard van Schalkwyk (21 Mei 1939 – 02 Junie 2012)
Hy was een van die konsertinaspelers van die Moot orkes en was ‘n bekende gesig by die Pretoria byeenkomste. Voor sy dood was hy met kanker gediagnoseer maar wou nie volhou met behandeling wat hy ontvang het nie. Twee weke voor sy dood is hy na die Suidkus waar hy toe oorlede is.
Die TBK en die groep musikante wat dr. Bernard Schoeman bymekaargebring het om die Moot orkes te stig, sal hom baie mis.

Die dood is nie die uitdoof van die lig nie, maar dis die uitblaas van die lamp omdat die dag gebreek het.
- Tagore -

Elsie Smith (13 Oktober 1958 – 5 Julie 2012)
Elsie en Chris was bekende gesigte aan die Oosrand se byeenkomste. Vroegaand het Chris vir Elsie op die rolstoel die saal ingestoot en hulle plekke by die punt van die tafel ingeneem. Die twee vriendelike mense was deurentyd aan die lag en gesels.
Die heengaan van Elsie was baie skielik en ‘n groot skok vir die familie en die TBK.

Plato Alexander Michael
Op 14 April 2012 sterf een van Tradisionele Boeremusiek se grootste weldoeners op 95-jarige leeftyd. Plato Alexander, gebore 11 Julie 1916, was self ‘n musikant. “Michael’s Rhythm Band” het by meer as 13 000 troues en funksies bygedra, in die bykans dertig jaar sedert die vyftigerjare. Gedurende die oorlog het hy as lid van die vermaaklikheidskorps in verskeie lande diens gedoen.
Sy swaer was Dan Scholtz, banjo-speler van die Baanbrekers, onder leiding van Joe Hooneberg. Sonder oom Michael se eindelose geduld tesame met die beskikbaarstelling van sy ateljee, sou baie van die ou 78-spoed plate se musiek verlore gegaan het en sou die Tradisionele Boeremusiekklub nie sy hoofdoel kon verwesenlik nie.
Oom Michael word oorleef deur sy seun, Keith, ‘n mediese praktisyn.

Stephaan van Zyl

Aan almal by die Tradisionele Boeremusiek Klub van Suid Afrika.
Baie dankie aan almal wat my en my familie vertroosting toegewens het met die afsterwe van ons Moeder op 11 Augustus 2012. Sy was my groot mentor agter die boeremusiek en het altyd saam met my gegaan wanneer sy kon. Doodstil in haar hoekie gesit en luister en saam geneurie agter die musiekante aan. Ek het nooit geweet daar is so baie mense wat haar daar sien sit het die Saterdag van 4 Augustus onder haar kombersie in haar Hoekie nie. Ek waardeer die vertroostende oproepe en boodskappe van ons TBK Lede en boeremusiek vriende.
Ek en my Familie se opregte waardering aan almal.
Sias & Susan Erasmus.

Die lewe hou nie in hoe gelukkig jý is nie, maar hoe gelukkig ánder is vanweë jou.
- Anoniem -

KATALOGUS – 2012

Lourens van Zyl
se nuwe laserskyf word vrygestel by die AJV
asook
Hans la Grange Vol 2 en
Potjiekos Vol 6

Laserskywe beskikbaar

Versamelgoed no. 1 (dubbel laserskyf, verskeie musikante)	R120-00
Versamelgoed no. 2 (Willie Badenhorst)	R80-00
Versamelgoed no. 3 (Namakwalanders)	R80-00
Versamelgoed no. 4 (Die Sandvelders)	R80-00
Outydse Potjiekos (Vol. 5)	R80-00
Oom Hannes Viljoen (Vol 4)	R80-00
Die Kruinstad en oom Ben Lindeque	R80-00
Oom Boet Steyn En Sy Seuns	R80-00

Daar is ook nog verskeie laserskywe, plate en kasette beskikbaar.

NB: Daar word tans gewerk aan nuwe laserskyf projekte vir volgende jaar. Ondersteun ons met die koop van die laserskywe, dit bepaal wat ons volgende projekte sal wees.

Boeke en artikels te koop

Derde gedenkalbum van Oom Piet Bester			R100-00
Ontstaan en ontwikkeling van Boeremusiek			R100-00
Baadjie sakwapen	R55-00	Hemp sakwapen	R35-00
Lapelwapen	R35-00	Dasse	R85-00
TBK 30 jaar wyn en glase			Pryse op aanvraag

Dan Worrall se digitale boek met klank oor konsertina musiek wêreldwyd is nou ook op cd beskikbaar.

House Dance, dance music played on the Anglo- German concertina by musicians of the house of dance era R80-00

Posgeld per posstuk word bygereken
Kontak vir Sias Erasmus in verband met aankope.

Hoe 'n mens die wêreld beskou is 'n weerspieëling van sy karakter.
- Peter Sirius, (1858 - 1913) -

SMOUS-HOEKIE

Enige persone wat musiekintrumente en/of verwante produkte soek of aanbied, kan ‘n versoek stuur aan pdejager@mweb.co.za.

Eric Grimbeeck *soek* 120 Bas Trekklavier. Kontaknommer 082 856 2898 of eric@wbho.co.za.

Sewes Terblanche het twee drie-ry Wheatstone konsertinas *te koop*, kassies ingesluit. R5 500 elk. Kontaknommer 072 194 0909.
Johan Vorster het ook ‘n 3 ry Wheatstone te koop Tel no.011 768 7876

Flip Snyman het ‘n banjo en ‘n banjolien *te koop*. Hy doen ook herstelwerk aan banjo’s en kitare. Kontaknommer (011) 955-3615.

Oom Danie Labuschagne bou boerekonsertinas van uitstaande gehalte. Kontaknommer (012) 379-2904 of 072 155 2696.

Stephaan van Zyl stem konsertinas en beskik oor ‘n handleiding oor hoe om ‘n konsertina te bespeel. Kontaknommer (012) 991-1732 of 082 777 0124.

Die Nasionale Voorsitter se Kers- en Nuwejaarsboodskap vir 2012

Dit is vir my ‘n baie groot voorreg om aan elkeen van u en u familie ‘n baie geseënde kerstyd toe te wens. Laat ons dit op die gepaste wyse vier. Ons vra ook ons Hemelse Vader dat 2013 baie voorspoedig en vol seëninge vir ons almal sal wees. Mag u almal veral goeie gesondheid, geluk en wonderlike tye saam met u geliefdes beleef.

Boeremusiekgroete
Flip Snyman
Nasionale Voorsitter TBK